

## Karaktertrekke van 'n valse profeet

Hoe kan ons 'n valse profeet onderskei?

*want hy het jou aangehits om in opstand te kom teen die Here jou God (Deut 13:5)* Profete moet oppas vir enige bediening en woord wat mense se fokus van God afhaal. Profetiese woord so hoofdoel is om ons met God te verenig.

*'n Profeet wat hom dit aanmatig om in my Naam iets te sê wat Ek hom nie beveel het nie, moet sterf. (Deut 18:20)* Veronderstelling en voorbarigheid het al menigte goedbedoelde profete in die moeilikheid laat kom. Profete is bloot boodskappers, hulle kan nie boodskappe oordra wat hulle nog nie gekry het nie, en alvorens die opdrag gegee is om dit oor te dra nie. Die profetiese woord moet met versigtigheid en oorleg, en absolute integriteit oorgedra word.

*moet jy weet: as 'n profete iets in die Naam van die Here aankondig en dit kom nie uit nie en dit gebeur nie so nie, dan het die Here nie met die profete gepraat nie. Dan het die profete hom dit aangematig en hoef jy jou nie aan hom te steur nie." (Deut 18:22)* Hierdie eenvoudige maatstaf is voor die handliggend. As die boodskap waarlik van God gekom het sal dit waar word. In sommige gevalle is die profetiese woord voorskriftelik teenoor die ontvanger om sekere aspekte en opdragte na te kom, indien hierdie persoon of persone nie die voorskrifte nakom nie, sal die profetiese woord nie in vervulling kom nie. Maar sulke tipe profesieë het ook gewoonlik 'n inherente waarskuwing en moontlike konsekwensies wat dan in elke geval waar sal word.

*Maar ek het gesê: Ag, Here my God, die profete sê dan vir hulle hulle sal geen oorlog of hongersnood beleef nie en dat U sê: Ek sal vir julle blywende voorspoed gee in hierdie land. (Jer 14:13)* Dit is 'n algemene gevaar om heuning om die mond te wil smeer, en net goeie dinge te wil sê. Profete mag nooit na die mens kyk en op die ontvanger van die profetiese woord nie. Weereens moet die woord net oorgedra word in gehoorsaamheid aan God, sonder om op die inhoud ag te slaan. Daarom moes die profete sy aangesig maak soos die van 'n keisteen. (Jes 50:7)

*Die Here het vir my gesê: Die profete gee voor dat hulle in my Naam optree, maar Ek het hulle nie gestuur of beveel nie, Ek het nie eens met hulle gepraat nie. Dit is gesigte wat nie bestaan nie, nuttelose waarsêery, dit is bedrog wat hulle versin wat hulle vir julle aanbied as woorde van profete. (Jer 14:14)* Profete moet veral oppas dat hulle nie hulle eie opinies preek en oordra as die woord van die Here nie. Sommige profete is ook lief om die een profesie van gemeente tot gemeente oor te dra, sonder om 'n vars woord van die Here te ontvang.

*Die koers wat die profete inslaan, is verkeerd, hulle misbruik hulle mag. (Jer 23:10)* Profete kan hulle mag misbruik om hulleself te verdedig en altyd probeer om hulleself in 'n goeie lig te stel, en sodoende gesag by leiers te probeer verkry. Profete moet nooit mense aan hulleself vasmaak nie, maar hulle moet mense aan die Here vasmaak. Sommige profete het 'n kragtige gawe en dink niemand kan so akkuraat soos hulle hoor of sien nie. Ware profete stimuleer die profetiese gawe in 'n gemeente sodat ander ook kan leer om in die gawe te opereer.

*So sê die Here die Almagtige: Julle moenie luister na wat die profete sê nie, die profete wat vir julle as profete optree. Hulle wek vals verwagtings by julle, hulle praat oor visioene wat hulle self uitdink, nie oor wat die*

*Here sê nie.* (Jer 23:16) Visioene is nie versinsels van ons verbeelding nie, dit besit 'n goddelike element, wat nie deur 'n mens sou kon uitgedink kon word nie. Sommige profete sien fisiese dinge en probeer dan iets geestelik in dit sien. Ware profesie is duidelik en seker, nie raaiskote nie.

*Ek het geboor wat sê die profete wat sonder opdrag in my Naam as profete optree. Hulle sê: 'Ek het 'n droom gehad, ek het 'n droom gehad!'* (Jer 23:25) Nie alle drome is van God af nie, ons moet leer om drome en visioene met die Woord van God te interpreteer. Nie alle drome moet oorvertel word nie, wag op die Here totdat Hy dit duidelik maak.

*Daarom, sê die Here, is Ek teen die profete wat herhaal wat ander sê en dan voorgee dat dit van My af kom.* (Jer 23:30) Moses het ook voorgegee deur 'n sluier oor sy gesig te hang toe die heerlijkheid begin afneem het. Ons wil so graag die skyn van goddelikheid voorhou oor die skynbare aansien en ophef wat mense maak. Ons soek alleen die eer van die Here nie die eer van mense nie. Sommige profete is lief om op die internet te kyk en lees wat die Here vir ander profete sê en dit dan oorvertel asof hulle die openbaring ontvang het.

*Die visioene van jou profete was vals en misleidend: hulle het nie jou sondes blootgelê sodat jou ballingskap afgeweer kon word nie; die openbaringe wat hulle vir jou gegee het, was vals en het tot jou verwerping gelei.* (Klaag 2:14) Ware profete lê die foute en sonde van mense bloot nie om hulle te veroordeel of te verneder nie, maar sodat die oordeel van God afgeweer kan word.

*Die profete in die land pleister alles toe: hulle sien gesigte wat nie daar is nie, verkondig leuens as waarsêery en sê: 'So sê die Here my God,' ternyl Ek niks gesê het nie.* (Ese22:28) Ware profesie ontbloot en bring lig en waarheid. Baie keer is dit die vrees vir die ontbloting van ons eie sonde dat ons bang is om ander se sonde te veroordeel.

*So sê die Here oor die profete wat my volk verlei, die profete wat van vrede praat so lank hulle kos kry, en as iemand hulle nie bly instop nie, oorlog teen hom verklaar.* (Mig 3:5) Omdat so baie profete buite die lokale gemeente optree, en dus afhanklik is van mense se offerandes, is daar 'n groot gevaar dat die behoefte van die profeet sy boodskap kan vertroebel.